

Wysheid

Oordenkings oor Spreuke

Bybelstudie vir kleingroepe en individue

Benescke Janse van Rensburg



LUX VERBI

Wysheid

Uitgegee deur Lux Verbi (Edms) Bpk
Heerengracht 40
Kaapstad 8000

Registrasienommer 1953/000037/07

Kopiereg © 2011 deur Benescke Janse van Rensburg

Tensy anders aangedui, kom aanhalings uit die Skrif in hierdie boek uit:
Die Bybel in Afrikaans (1983-vertaling met herformulerings).
Kopiereg © 1983, 1990 deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Gebruik met toestemming.

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingbewaring.

Omslag deur Marthie Steenkamp
Gedruk en gebind deur Unity Press, Mobileweg 57, Airport Industria, Kaapstad

ISBN 978-0-7963-1259-4

ISBN 978-0-7963-1556-4 (E-boek)

www.luxverbi.co.za

Direkte bestellings: 0861 668 368

Inhoud

| | |
|--------------------------------------------------------|----|
| Vyf wenke vir die gebruik van hierdie studiegids | 5 |
| Tien wenke vir fasiliteerders | 7 |
| 1: Die grondslag van wysheid | 9 |
| 2: Beskerm jy jou huwelik? | 13 |
| 3: Doen goed aan ander | 17 |
| 4: Beskerm jou hart | 22 |
| 5: Soek jy na wysheid? | 26 |
| 6: Sewe dinge wat God haat | 30 |
| 7: By God is daar altyd tweede kanse | 35 |
| 8: Wysheid versus edelgesteentes | 40 |
| 9: Wie voer jy? | 44 |
| 10: Vertrou jy Hom? | 48 |
| 11: Bid vir ons leiers! | 53 |
| 12: God gee om vir diere | 58 |
| 13: Hanteer jou geldsake verantwoordelik | 62 |
| 14: Wat doen jy met jou woede? | 66 |
| 15: Dien jy God uit liefde of uit plig? | 70 |
| 16: Maak jy God jou vennoot? | 74 |
| 17: Wat is jou houding teenoor behoeftiges? | 78 |
| 18: Met watter oë kyk jy na jou naaste? | 82 |
| 19: God ken die detail van jou lewe | 86 |
| 20: Kan mense op jou reken? | 90 |
| 21: God kan gedagtes verander | 94 |

| | |
|-------------------------------------------------|-----|
| 22: Watter spore laat jy agter? | 98 |
| 23: Gaan jy die drankbottel neersit? | 102 |
| 24: Wees goed vir jou medemens | 107 |
| 25: Het jy selfbeheersing? | 112 |
| 26: Grawe jy 'n gat vir iemand anders? | 117 |
| 27: Is jy werklik so goed as wat jy dink? | 121 |
| 28: Koop jy iemand om? | 125 |
| 29: Skud af jou trots | 129 |
| 30: Vertrou jy God vir die onmoontlike? | 133 |
| 31: Sal jy namens die weerlose praat? | 137 |
| | |
| Vrae wat gereeld opduik | 141 |
| Kerntekstevse | 143 |

Vyf wenke vir die gebruik van hierdie studiegids

1 Tydsduur

Vir individuele studie kan die studiegids oor 'n tydperk van 31 dae bestudeer word. In groepsverband kan die gids vir 'n tydperk van 31 weke gebruik word as die groep besluit om elke week 'n ander hoofstuk te behandel. Kleingroepe kan vooraf besluit hoe lank elke ontmoeting gaan wees. 'n Goeie riglyn is om sowat 'n uur en 'n half aan die bespreking af te staan.

2 Groepbespreking

Die studiegids sal die beste werk as elke deelnemer in die groep 'n eksemplaar van die studiegids het. Individue wat aan die bespreking deelneem, kan vooraf deur die Spreuke-hoofstuk en dagstukkies lees en aantekeninge maak van die teksverse of waarhede wat vir hom of haar uitstaan. Die dagstukkies kan dan weer in die groep gelees word voordat die besprekingsvrae behandel word. Die doel van die groepbespreking is om saam te ontdek hoe die wysheid van die Spreukeskrywer vandag steeds van toepassing is in ons moderne samelewing.

3 Besprekingsvrae

Aan die einde van elke dagstukkies is 'n aantal besprekingsvrae wat in die groep of individueel behandel kan word. Gebruik die vrae bloot as vertrekpunt vir die gesprek. Elke deelnemer hoef nie elke vraag te beantwoord nie, maar gee genoeg geleentheid vir gespreksvoering.

4 Bybelvertalings

Die 1983-Bybelvertaling, 1933-vertaling, die Lewende Bybel en Die Boodskap is in hierdie studiegieds gebruik. Dit is nuttig om verskillende vertalings te gebruik aangesien dit die studie verryk.

5 Addisionele materiaal

Kleingroepleiers kan gerus 'n draai maak by die webwerf www.benescke.co.za om bykomende materiaal te verkry wat die besprekingstyd in die groep kan verryk. By sommige dagstukkies word byvoorbeeld verwys na foto's wat op die webwerf afgelaai kan word. Oudio van die dagstukkies sal ook in MP3-formaat beskikbaar wees wat vooraf afgelaai kan word.

Tien wenke vir fasiliteerders

Hier is verdere riglyne vir fasiliteerders:

1 Bid vir die lede

Moet nooit die krag van gebed onderskat nie. Maak 'n lysie van almal in die groep en sorg dat jy vooraf vir elkeen afsonderlik bid vir beskerming en dat niks sal voorval wat sal verhoed dat hulle die byeenkoms kan bywoon nie. Bid ook dat God hulle harte deur sy Heilige Gees sal voorberei om oop te wees vir dit wat Hy deur elke les in hul lewens wil deponeer.

2 Kies vir jou 'n goeie span om jou te ondersteun

As jy vir jou 'n goeie mede-aanbieder kry, kan hy of sy in jou plek waarneem as iets voorval en jy nie die groep kan bywoon nie. Dit sal ook die druk van jou afhaal indien iemand 'n vraag vra wat jy nie onmiddellik kan beantwoord nie.

3 Wees vriendelik en gasvry

Die groeplede het moeite gedoen om na jou huis toe te kom. Laat hulle welkom voel en sorg vir iets te ete en te drink. Julle kan ook as groep 'n rooster volg waarvolgens elkeen vir een week se eet- en drinkgoed verantwoordelik is tydens die byeenkoms.

4 Wees jouself en moenie die groep probeer beïndruk nie

Mense kom gou agter as jy iemand anders probeer na-aap of voorgee dat jy al die wysheid in pag het. Erken dit as jy nie 'n antwoord het nie en vra om verskoning as jy 'n fout begaan het. Onthou, julle is saam as groep op reis deur die boek Spreuke om iets meer omtrent God se karakter te ontdek.

5 Berei goed voor

Sorg dat jy vooraf deur die spesifieke hoofstuk en dagstukkies gewerk het sodat jy die besprekingsvrae maklik kan hanteer. Kyk ook of daar addisionele materiaal op www.benescke.co.za is wat jy kan gebruik om die byeenkoms verder in te kleur.

6 Laai die oudiogreep af

Op die webwerf www.benescke.co.za is daar 'n oudiogreep van elke hoofstuk se dagstukkies. Jy kan dit vooraf van die webwerf aflaai en as inleiding gebruik voordat julle na die besprekingsvrae oorgaan. As jy nie toegang tot die internet het nie, kan jy vooraf met een van die lede afsprek om die stukkie te lees. Kies iemand met 'n sterk stem wat die groep se aandag sal behou.

7 Moenie dadelik self die vrae beantwoord nie

Soms is daar stilte nadat jy die vraag gestel het. Laat die groeplede toe om daaroor te dink. Sodra iemand geantwoord het, kan jy beleef vra of iemand anders iets wil byvoeg voordat jy jou antwoord op die vraag gee. Maak 'n punt daarvan om almal te betrek en skep 'n geleentheid vir groepslede om die vrae waarmee hulle worstel aan die groep te stel. Baie keer sukkel van die ander lede met soortgelyke vrae en groei die hele groep as een persoon die moed bymekaarskraap om dit te opper.

8 Wees bedag dat niemand oorneem nie

Soms is daar groepslede wat te veel of te lank praat en sodoende die harmonie van die groep versteur. Wees bedag daarop. As dit 'n probleem in julle groep raak, kan jy byvoorbeeld 'n reël instel dat elke lid nie langer as vyf minute op 'n slag moet praat nie. Verduidelik dat jy graag aan almal in die groep 'n kans wil gee om aan die gesprek deel te neem.

9 Verdeel soms in kleiner groepies

Dit is soms makliker om in kleiner groepe te gesels. Dit verseker dat al die groeplede 'n geleentheid kry om deel te neem en met vrymoedigheid vrae te stel. Julle hoef nie tydens elke les in kleiner groepe op te deel nie. As fasiliteerder kan jy vooraf besluit of die spesifieke les hom daartoe leen.

10 Sluit die les af met gebed

As van die groeplede nie gemaklik voel om hardop voor ander te bid nie, kan jy voorstel dat twee of drie mense 'n kleiner groepie vorm en saambid. In die groot groep kan jy eers op die ry af vra hoe dit met elkeen gaan en of daar iets spesifieks is waarvoor julle kan bid. Daarna kan julle in die kleiner groepies saambid.

Die grondslag van wysheid

Spreuke 1

¹Spreuke van Salomo seun van Dawid, koning van Israel. ²Dié spreuke is bedoel om mense wysheid te leer en hulle te onderrig sodat hulle sal weet wanneer iemand verstandig praat. ³So sal hulle 'n behoorlike opvoeding ontvang en 'n sin vir regverdigheid, reg en billikheid. ⁴Wie nog nie kennis het nie, sal verstandig word, jongmense sal leer om met kennis en oorleg op te tree. ⁵Selfs wyse mense kan na die spreuke luister en so tot dieper insig kom. Wie reeds die nodige kennis het, kan die kuns aanleer ⁶om spreuke en sinspelings, woorde en raaisels van wyse mense te begryp. ⁷*Kennis begin met die dien van die Here; dit is net dwase wat wysheid en opvoeding gering ag.* ⁸My seun, jy moet luister na die onderrig wat jou vader jou gee; moenie wat jou moeder jou leer, verontagsaam nie: ⁹dit sal jou lewe versier soos 'n krans jou kop en 'n kettinkie jou hals. ¹⁰As sondaars jou wil verlei, my seun, moenie toegee nie. ¹¹Hulle sal vir jou sê: “Kom ons gaan lê iemand voor en vermoor hom, ons oorval sommer iemand, al het hy ons niks gedoen nie; ¹²kom ons laat mense verdwyn soos die dood dit doen, ons maak gesonde mense dood! ¹³Ons vat al wat waardevol is en ons maak huise vol met wat ons roof. ¹⁴Jy kan deel in die buit, dit sal ons almal s'n wees.” ¹⁵Moenie met hulle saamgaan nie, my seun, bly van hulle pad af; ¹⁶hulle is daarop uit om kwaad te doen, hulle wil gaan moord pleeg. ¹⁷'n Voël wat 'n net sien wat vir hom gespan is, vlieg nie daarin vas nie, ¹⁸maar hierdie mense span vir hulleself 'n net, hulle gaan hulle ondergang met oop oë tegemoet. ¹⁹So gaan dit met elkeen wat wat hom nie toekom nie: rowery kos hom sy lewe. ²⁰Wysheid is 'n vrou wat langs die straat staan en roep, sy laat haar stem hoor op die stadspleine, ²¹sy

roep bo die rumoer uit, by die ingange van die stadspoorte sê sy wat sy te sê het: ²²“Julle onkundiges, hoe lank gaan julle nog vashou aan julle onkunde, gaan die grootpraters hulle praterij geniet en die swape ’n afkeer hê van kennis? ²³As julle luister na my teregwysing, gee ek julle my wysheid in oorvloed en leer ek julle my woorde begryp. ²⁴“Ek het geroep en julle wou nie luister nie, ek het my hand uitgesteek en julle het dit nie gegryp nie. ²⁵Julle het my raad alles in die wind geslaan, julle wou julle nie laat tereg wys nie. ²⁶Daarom sal ek lag as die ongeluk julle tref, ek sal met julle spot wanneer die angs julle oorval, ²⁷wanneer daar nood en kwellung oor julle kom. Die angs sal soos ’n storm oor julle kom, die ongeluk sal julle tref soos ’n orkaan. ²⁸Dán sal julle my roep en ek sal nie antwoord nie, julle sal my soek en my nie kry nie. ²⁹Julle het ’n afkeer van kennis gehad, julle het geweier om die Here te dien, ³⁰julle het my raad verontagsaam en elke teregwysing van my geminag. ³¹Julle sal die vrugte van julle optrede pluk, julle sal van julle eie planne walg. ³²“Die onkundiges se dwaling kos hulle die dood, die dwase word vernietig deur hulle selfversekerdheid, ³³maar wie na my luister, sal veilig wees en hoef geen ramp te vrees nie.”

Die fondament van enige gebou bepaal hoe hoog dit gebou kan word voordat dit inmekaar stort. Die raamwerk van die boot se romp bepaal hoe stewig dit gebou kan word om die storms van die oseaan te deurstaan. En die diepte van die wortels van ’n boom bepaal hoe hoog die boom kan oprank in die lug sonder dat dit deur ’n woeste wind omgewaai word.

Die Psalmdigter Dawid het verstaan dat ’n mens niks kan vermag sonder wysheid nie en dat wysheid begin met die dien van God. Luister weer na sy woorde in Psalm 111:10: “Wysheid begin met die dien van die Here; almal wat dit doen, het ware insig.” Dawid moes hierdie insig aan sy seun, Salomo, oorgedra het wat hom as koning opgevolg het.

In 970 vC, net nadat Salomo as koning van Israel aangewys is, het hy al die militêre offisiere, die regters, familiehoofde en elke ander leier van Israel in die vergadertent saamgeroep sodat hulle by God kon hoor wat Hy vir die toekoms van Israel beplan. Salomo het gewet dat hy nie die volk sou kon regeer as God hom nie daarin gelei het nie.

In die droom wat Salomo die aand ná die ontmoeting in die vergadertent gehad

het, het God aan hom een vraag gestel: “Salomo, jy kan vra net wat jy wil hê en Ek sal dit vir jou gee.” In 2 Kronieke 1:8–10 vind ons Salomo se antwoord: “U het groot trou aan my vader Dawid bewys en my koning in sy plek gemaak. Vervul nou, Here God, u belofte aan my vader Dawid, want U het my koning gemaak oor ’n volk so baie soos die stof van die aarde. Gee my nou wysheid en kennis dat ek hierdie volk reg kan lei, want wie kan uit homself hierdie groot volk van U regeer?”

Omdat Salomo vir wysheid gevra het, het God ook rykdom, besittings, aansien en ’n lang lewe bygevoeg. Só het Salomo die rykste en wysste man op aarde geword. In die boek van Spreuke deel hy van hierdie Godgegewe wysheid met ons. Salomo het, soos sy pa, Dawid, geweet dat ware wysheid by die dien van God begin. Luister na sy woorde in Spreuke 1:7: “Jy moet gehoorsaam wees aan die Here en jy moet Hom respekteer” (Die Bybel vir Almal).

Dit is hierdie respek vir God wat Salomo se lewe en keuses gerig het. Wat is die grondslag of fondament van jou lewe vandag? Bou jy dit op God? Mag jy jou lewe en keuses so inrig dat dit van respek en ontsag vir God spreek.

Gebed

Vader God, baie dankie dat u Woord ’n riglyn vir my lewe is. Skenk asseblief ook aan my wysheid sodat ek keuses kan maak wat spreek van respek en eerbied vir U. Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Besprekingsvrae

1 Lees Spreuke 1:2–6. Waarom is die boek van Spreuke geskryf?

2 Lees Spreuke 1:7. Waar begin wysheid? Wat beteken dit om ontsag en respek vir God te hê?

3 Lees Spreuke 1:10–19. Wat is die gevolge van korrupte mense wat dinge vat wat nie aan hulle behoort nie?

4 Lees Spreuke 1:25–31. Wat is die gevolge as ons God se raad en wysheid minag en op ons eie insigte staatmaak?

5 Lees Spreuke 1:32–33. Wat is die gevolge as ons God se wysheid volg?

6 Watter teksverse het vir jou in Hoofstuk 1 uitgestaan? Hoekom?

Beskerm jy jou huwelik?

Spreuke 2

¹My seun, neem aan wat ek jou sê, maak wat ek jou voorskryf jou eie, ²hou jou ore oop vir die wysheid, span jou in om te verstaan. ³Roep insig by, vra na gesonde begrip. ⁴Soek dit soos jy silwer sou soek, spoor dit op soos 'n verborge skat. ⁵Dan sal jy weet hoe om die Here te dien, sal jy ontdek wat dit is om God te ken. ⁶Dit is die Here wat die wysheid gee, uit sy mond kom die kennis en die insig. ⁷Hy laat eerlike mense sukses behaal en Hy beskerm dié wat onberispelik lewe. ⁸Hy sien toe dat reg geskied, Hy hou wag oor die pad van sy troue dienaars. ⁹As jy aanneem wat ek jou sê, sal jy insig kry in wat regverdig en reg en billik is en sal jy op die goeie pad bly. ¹⁰Die wysheid sal sy plek in jou lewe inneem, kennis sal vir jou iets aangenaams word, ¹¹oordeelkundigheid sal oor jou wag hou en verstandigheid sal jou bewaak. ¹²Dit sal jou weghou van die verkeerde pad af en van mense af wat verkeerde dinge verkondig, ¹³van dié af wat die regte paaie verlaat om op donker paaie te loop. ¹⁴Hulle verheug hulle daarin om te doen wat sleg is en juig die wandade van die slegte mens toe; ¹⁵hulle paaie is krom en hulle koers is verkeerd. ¹⁶Die wysheid sal jou weghou van die slegte vrou af, die vrou met die verleidelike praatjies, ¹⁷wat haar eie man verlaat en die verbond van haar God vergeet het. ¹⁸Haar huis lei 'n mens na die dood toe, haar spore bring jou by die dooies uit. ¹⁹Mense wat na haar toe gaan, kom nie een terug nie; hulle kom nie weer op die paaie van die lewe nie. ²⁰Loop jy liever die pad van die goeie mense, bly op die paaie van die regverdiges, ²¹want die opregtes sal die land bly

bewoon, dié wat onberispelik leef, sal ongehinderd gelaat word, ²²maar slegte mense sal weggevee word uit die land, bedrieërs sal uitgeroei word.

'n Ligte windjie speel deur Dirk se hare waar hy doelgerig in die straat afstap. 'n Entjie voor hom gaan staan die beeldskone vrou weer. Sy draai haar gesig na hom. Sodra hulle oogkontak maak, glimlag sy voordat sy om nog 'n hoek verdwyn. Dirk se hart bokspring. Nog nooit het hy só 'n mooi vrou gesien nie. En nog nooit was sy begeerte om tot by haar te kom so groot nie. Met al groter treë stap Dirk soos 'n perd agter 'n verleidelike wortel aan. Hy móét by haar uitkom. Hy móét meer van haar sien.

Op die oog af lyk hierdie situasie onskuldig: 'n man wat 'n aantreklike vrou gewaar en haar graag beter wil leer ken. Maar delf dieper en geskok vind jy dat Dirk 'n getroude man is met twee kinders by die huis. Ook dat die vrou agter wie hy aanstap, een van sy werkkollegas is – en self ook getroud is. Vir weke reeds het sy Dirk met haar verleidelike praatjies en komplimente betower. Aan die begin het hy dit as “niks” afgemaak. Tog, waar hy nou in die straat afstap, terwyl die adrenalien deur sy are bruis, word die waarskuwing in sy hart deur sy passie en begeerte uitgedoof.

Om nog 'n draai, deur nog 'n donker stegie, op teen die trappe. Dan bereik hy die woonstel – hul ontmoetingsplek. Dirk haal 'n slag diep asem voordat hy die deur oopstoot, instap en die deur weer saggies agter hom toetrek.

Die donkerte in die vertrek tref hom. 'n Koggelende lag klink op vanuit die hoek. 'n Koue rilling skiet teen Dirk se ruggraat af. Wat maak hy hier? Hy draai om om uit die kamer te vlug, maar die deurknop het verdwyn. In die flou straatlig wat deur die venster instroom, sien hy stapels geraamtes van mans wat voor hom na dieselfde vertrek gelok is. Bewend kyk hy op. Voor hom staan die kollega wat nou in 'n bouse gedrog verander het!

Dirk het net soos die Spreukeskrywer, Salomo, in een van die vyand se oudste strikke getrap: *Verbode verhoudings*. Salomo se fout het begin toe hy (ten spyte van sy pa, Dawid, en ook Moses se waarskuwings) as deel van 'n politieke ooreenkoms met 'n ongelowige vrou van 'n vyandige nasie van Israel getrou het. Hierna het hy nog sewe honderd ander vroue en drie honderd byvroue (heelparty uit ongelowige nasies) tot sy harem bygevoeg. Die gevolg? Die vroue het mettertyd vir Salomo

van God af weggerokkel. Onder hulle invloed het hy selfs in 'n stadium voor 'n afgodsbeel gebuig!

Hoewel Salomo besef het dat hy gesondig het en na God teruggekeer het, moes hy 'n duur prys vir sy dade betaal. Geen wonder hy gee in Spreuke 2:1-2 en 16-19 hierdie raad aan sy seun nie: “My seun, neem aan wat ek jou sê, maak wat ek jou voorskryf jou eie, hou jou ore oop vir die wysheid, span jou in om te verstaan ... Die wysheid sal jou weghou van die slegte vrou af, die vrou met die verleidelike praatjies, wat haar eie man verlaat en die verbond van haar God vergeet het. Haar huis lei 'n mens na die dood toe, haar spore bring jou by die dooies uit. Mense wat na haar toe gaan, kom nie een terug nie; hulle kom nie weer op die paaie van die lewe nie.”

Die huweliksverbond is vir God heilig. Dit is daarom te verstane dat die vyand alles in sy mag sal doen om huwelike aan te val en te verwoes. Hierdie aanvalle kom gereeld in die vorm van “onskuldige” e-posse of SMS'e van iemand buite jou huwelik. Dit gee aan jou 'n gevoel van opwinding. Staak jy dit nie, gee jy dit krag. En net soos Dirk word jy al dieper in die lokval ingelei wanneer 'n onsigbare band tussen jou en die persoon buite jou huwelik gevorm word – terwyl jou huwelik daaronder ly. Hy wuif vir jou. Sy glimlag vir jou. En God sien alles. Gaan jy dit stopsit? Beskerm jou huwelik sodat jy nie in daardie kamer beland waar die koggellag jôú begroet nie.

Gebed vir 'n getroude leser

Vader God, dankie dat ek my huwelik aan U kan opdra. Ek bid vir bonatuurlike beskerming sodat geen planne van die Bose sal slaag nie en U my deur u Heilige Gees sal versterk om van elke versoeking weg te stap. Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Gebed vir iemand in 'n buite-egtelike verhouding

Vader God, ek kom vandag na U toe in die Naam van Jesus Christus. Ek besef dat ek betrokke geraak het by iets wat my eie en ook my gesin se lewens geweldige skade kan aandoen. Ek smee U om my te versterk om weg te stap van hierdie verkeerde verhouding. Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Besprekingsvrae

1 Lees Spreuke 2:16–19 en Spreuke 22:13 en 26–28. Wat is die gevolge van 'n buite-egtelike verhouding? Hoe kan ons ons huwelike daarteen beskerm?

2 Lees Spreuke 2:1–5. Wat is die waarde van wysheid in jou lewe?

3 Lees Spreuke 2:6–13. God gee kennis en wysheid. Watter voordele hou dit vir regverdige mense in wat kies om Hom te volg?

4 In Spreuke 2:12–15 sê die Spreukeskrywer dat wysheid ons van verkeerde mense wat verkeerde dinge verkondig sal weghou. Is daar mense in jou lewe wat jy lief is moet vermy? Hoe kan jy dit taktvol doen?

5 Lees Spreuke 2:20–22. Wat is die belofte aan mense wat onberispelik leef? En wat is die waarskuwing aan bedrieërs?

6 Watter teksverse het vir jou in Hoofstuk 2 uitgestaan? Hoekom?